Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

Lewe in ooreenstemming met die evangelie van Christus. Fil. 1:27

16 Februarie 2025

09:30 OGGENDDIENS: Ds. Daan Bakker

"GESINDHEID" SÊ ALTYD IETS VAN 'N MENS SE HART en mens se hart is nie so openlik sigbaar vir almal nie. Die gesindheid van iemand se hart word eers sigbaar in die manier waarop hy reageer as hy 'n opdrag van iemand kry. Hoe groter en hoe moeiliker die opdrag is, hoe duideliker word iemand se gesindheid bekend gemaak.

ISRAEL KRY VAN DIE HERE DIE GROOT OPDRAG: "Kyk, die Here julle God stel die land tot julle beskikking. Trek in, neem dit in besit soos die Here die God van julle voorvaders julle beloof het. Moenie bang wees nie, moenie huiwer nie."

Verkenners word uitgestuur en wanneer tien van die verkenners verslag doen oor die omvang van die opdrag word die gesindheid van Israel bekend: Hulle het toe vir mekaar gesê: Waarom het die Here ons na hierdie land toe gebring? Net om doodgemaak te word? "Kom ons kies 'n leier en gaan terug Egipte toe!" Die gesindheid in hulle hart het bekend geword: Hulle teen God in verset gekom. God se toorn word oor hulle vaardig en verseker dat nie een bo 20 jaar en ouer die beloofde land sal binne trek nie.

Maar dan hoor ons die Here verklaar: Maar omdat my dienaar Kaleb 'n ander gesindheid het en My getrou gevolg het, sal Ek hom inbring in die land wat hy gaan verken het, en sy nageslag sal dit besit te neem.
DIE ANDER GESINDHEID WAT DIE VERVULLING VAN GOD SE BELOFTES SAL SIEN.

Tema: Die "ander gesindheid" wat God se beloftes sal sien.

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Ps. 46-1: 1, 3, 6; Ps. 92-2: 1, 2, 5

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Ps. 98-1: 1, 2; Votum; Seën;
Loflied: Ps. 146-1:1, 2, 3; Geloofsbelydenis

Ons verootmoedig ons voor God
Wet: Romeine 12: 1-2 en 9 tot 21; Sing as antwoord op die wet: Ps. 40-1: 3, 4; Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Numeri 14: 1-24
Teksverse: Numeri 14: 24
Sing: Sb. 2-6: 5, 6, 7; Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed; Liefdegawe by die deure; Sing: Lied 513: 1, 2, 3; Seën; Amenlied: Sb. 13-3.

AANDDIENS: Ds. Daan Bakker

By Bokim ontmoet die Here die hele volk Israel en kom praat met hulle omdat hulle aan Hom ongehoorsaam was. Hy vertel hulle daar hoe lief Hy hulle as sy volk het en dat hulle sy liefde ken, omdat dit Hy is wat hulle uit Egipte verlos het en in die land Kanaän ingelei het. En sy ooreenkoms met hulle was om hulle altyd so lief te hê en hulle God te wees wat vir hulle sorg en omgee. Hulle moes net sy volk wees wat Hom ook baie lief sal hê en aan Hom gehoorsaam leef. En na sy liefdesverklaring vra hy net die een vraag: Waarom het julle dit gedoen? Waarom het julle nie gehoorsaam gebly nie? Israel staan klein en skuldig voor God en daarom stroom die trane en ons lees: Die hele volk het hard gehuil! GOD SE STEM BRING TRANE

Tema: God se stem roep ons tot trane.

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Lied 241: 1, 2, 3

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Ps. 86-1: 3, 6; Votum; Seën; Loflied: Ps. 18-1: 1 en 14; Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Rigters 2: 1-10 / 3: 1-4
Teksverse: Rigters 2: 2
Sing: Ps. 81-1: 11, 12, 13, 15; Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed; Liefdegawe by die deure; Sing: Ps. 119-1: 50, 62 en 63; Seën; Amenlied: Sb. 13-2.

🙏 Februarie 2025🙏

Gal. 5: *25 "Ons lewe deur die Gees, laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal."*

Paulus skryf in hierdie gedeelte oor die stryd tussen die sondige natuur (die vlees) en die Heilige Gees. Hy moedig gelowiges (jou en my) aan om volgens die Gees te leef sodat hulle (ons) nie die begeertes van die sondige natuur vervul nie.

Paulus sê dat as ons volgens die Gees leef, ons nie aan die sondige natuur se begeertes gehoor gee nie.

Die vlees en die Gees is in konflik met mekaar.

Gal. 5:19-21 Die werke van die vlees:
Onsedelikheid
Afgodery
Vyandskap
Jaloesie
Woede
Dronkenskap
Ander sondes

Gal. 5:22-23 **Vrug van die Gees in my lewe**:
Hemelse Vader, Ek dank U vir U Heilige Gees wat in my woon en my lei. Ek bely dat ek soms sukkel met die begeertes van die vlees en dat ek U krag nodig het om volgens die Gees te leef.
Ek bid dat U die vrug van die Gees in my lewe sal laat groei: • Gee my **liefde** sodat ek ander onvoorwaardelik kan liefhê.

- Vul my met **blydskap** (vreugde) wat nie afhanklik is van omstandighede nie.
- Laat my **vrede** ervaar, selfs in storms.
- Leer my **geduld**, veral wanneer dinge nie volgens my tydsberekening gebeur nie.
- Help my om **vriendelik** en **goedhartig** te wees teenoor ander.
- Vorm in my 'n **getroue** hart wat op U bly vertrou.
- Maak my **sagmoedig**, dat ek in **nederigheid** optree.
- Gee my **selfbeheersing**, sodat ek nie deur my emosies of begeertes oorweldig word nie.

Vader, werk hierdie vrug in ons deur U Gees. Laat my dade en woorde U verheerlik. Help my om die ou mens af te lê en in U lig te wandel. In Jesus Christus se Naam bid ons,
Amen.

MEELEWING

- Tannie Gretha Heckroodt het Donderdag in ons hemelse Vaderwoning tuisgekom. Ons bid vir tannie Heleen Kruger en al haar familie en vriende die troos van die Here toe. Die troosdiens vind Vrydagoggend om 11:00 hier in ons kerkgebou plaas.
- Ria Robberts is in MooiMed opgeneem vir behandeling en sterk mooi aan.
- Freddie Botha het in Klerksdorp ‘n kritieke prosedure aan sy hart ondergaan om bloedtoevloei te verbeter en hartversaking te voorkom. Dit het suksesvol afgeloop en hy herstel tuis.
- Willie Kruger (van Alma) ervaar ernstige hartprobleme en het die afgelope week ‘n spesialis in Klerksdorp besoek.
- Hardus Kruger het na sy groot rugoperasie ‘n terugslag beleef en is in Medikliniek opgeneem met erge buikpyne.
- Estette Bredenkamp is ontslaan en sterk tuis aan.

Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Rita Schutte, Marianna Kruger en Marianna du Plessis.

ONS VERWELKOM VIR

Riana van Jaarsveld wat met attestaat van GK Kandelaar Pretoria by ons aansluit. Sy is ‘n mediese dokter wat haar praktiese jare hier in Potch Hospitaal doen. Sy bly in Villa Seville nr 26, Groep 7.

BAIE GELUK

Botha en Adele Burger het ‘n kleinseun ryker geword by Christiaan. Dus het Ria Robberts se status van “ouma” na “oumgrootjie” verhoog! Baie geluk aan almal!

BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

Vandag
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Kleuterbediening
Katkisasie: Les 4
Tee en Koffie
18:00 Aanddiens

Maandag
18:00 Kersmark

Dinsdag
06:00 Manne-ondersteuningsgroep
18:00 Katkisasie vir Gr 8 - 10
18:30 Sustersamekoms

Woensdag
09:30 Bybelstudie
17:45 Naskoolse jongmense en studente: Bybelstudie
18:00 Gr. 11 Katkisasie
19:00 Finansdg. en Diensgroepvoorsitters: Begroting

Donderdag
18:30 Bybelstudie: Klipdrif

Vrydag
Gholfdag

AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en Teologiese studentekas Klein boks), Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir ons eie Diakonie.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurt: Groep 26 en 27.

SPESIALE SAMEKOMS VIR ALLE GEMEENTELIKE LEIERS: 1 MAART "DIS 'N FEES OM IN DIENS VAN CHRISTUS TE WEES"

Ons herinner almal wat uitnodiging ontvang het na hierdie toerusting- en opbougeleentheid om **asseblief julle RSVP betyds na die Kerkkantoor** te stuur ter wille van die ete wat gereël word. Ons wil so veel as moontlik van ons gemeente se leiers en hulle gades daar hê vir hierdie spesiale geleentheid.
Ds Piet

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 16 Februarie
Jbr Ruben Booyens
Sr Liza Jansen v Rensburg
Jsr Sanmarie Velloen

Maandag, 17 Februarie
Br Koot vd Walt

Dinsdag, 18 Februarie
Sr Heleen Coetzee
Br Cobus Engelbrecht
Jbr Nicholas Schreck
Sr Leana vd Walt

Woensdag, 19 Februarie
Br Johan du Preez
Br Chris Strom

Donderdag, 20 Februarie
Br Hendrik Naudè

Vrydag, 21 Februarie
Br Johan Coetzee *
Br Kola Kruger *
Sr Anna Smith *

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

GHOLFDAG: 21 FEBRUARIE

Ons nooi u om betrokke te raak by ons gholfdag hierdie jaar! Enige hulp, borge, bydrae of deelname sal baie waardeer word!

- 4-bal-Kostes R2000-00
- Putjie-borg R750-00 / drinkgoed

Ons beloof genoegsame blootstelling aan ons borge, sodat ons spelers en gemeentelede aangemoedig word om u besigheid te ondersteun.

Gholfdagreëlings:

- Datum: 21 Februarie 2025
- Tyd: 10:30 “Shotgun start”
- Plek: Potchefstroomse Buiteklub
- Formaat: “Better Ball Scramble drive”
- Pryse: Baie groot vleispryse en meer
- “ALLOWANCE”: GEEN

Vir enige navrae kontak gerus ons gholf-organiseerders:
Ryan Bezuidenhout – 082 464 6310
Walter Plotz – 083 487 7497
Nicolaas Erasmus – 074 671 6932

KENNISGEWINGBORD

- 2 Vakatures beskikbaar by Huis Eikelaan.
- Nuwe boek vir geestelike groei: “Aandgesprekke” 135 Aandgesprekke oor verskeie temas deur ds. Fanie Coetzee. Die boek bevat ook klanklêers van elke gesprek. Sien pamflet op kennisgewingbord.
- Bejaarde-versorger soek werk. Nicoline Lundy 079 999 3039.

GKSA NUUS

Beroepe nie aanvaar nie

- Ds JG (Jan) Ehlers van GK Meyerton na GK Kameeldrift.
- Ds MD (Dirk) Meijer van GK Bloemburg na GK Potgietersrus.

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!

SUSTERS

"'N KNAP VROU IS BAIE WERD, BAIE MEER AS EDELSTENE." – SPREUKE 31

SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

TEESKINK-GELEENTHEID

Tee, koffie en sap word vandag na die oggenddiens in die Skuur bedien.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:

Lorette Bester en groep 5, Estelle van Hamburg en groep 13, Em Volschenk en groep 23, asook Engela vd Walt en groep 31.

BLIKKIES-WARMHARTE

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan. Bring gerus vir ons daardie kleingeld wat julle in grendeltyd opgegaar het vir hierdie fonds.
Baie dankie vir julle getroue bydraes!

SUSTERSAAMTREK

Gereformeerde Kerk, Koster, se susters nooi ons na hierdie jaar se Sustersaamtrek, Saterdag 8 Maart, te GK Koster.
Ontvangs en koffie: 08:45 - 09:30
Kostes: R130 p/p
Spreker: Estè Geldenhuys "Jy is 'n lewende brief"
RSVP teen 28 Februarie - besprekingslys in voorportaal van die Skuur.

SUSTERSAMEKOMS – DINSDAG 18 FEBRUARIE

Hier is ook 'n skakel om jou bywoning van die Susersamekoms te bevestig: https://forms.gle/PWoEcxvLcHdzY8Yt6

KWARTAALPROGRAM

EERSTE KWARTAAL				
DATUM	**DAG**	**TYD**	**WIE**	**WAT**
18-Feb	**Dinsdag**	**18:30**	**A**	**Sustersamekoms**
1 Maart	Saterdag	18:30 vir 19:00	Bestuur	Gemeente leier-funksie
7 Maart	Vrydag	17:00 - 18:00	D	Wegneemetes
8 Maart	Saterdag	08:00	Lys van susters	Sustersaamtrek: GK Koster
9 Maart	Sondag	09:30	Alle susters	Belydenisaflegging
9 Maart	Sondag	18:30	C	Ouderlingverversings
16 Maart	Sondag	12:00	A	Nagmaalete

Oosdoppertjie-Jeugbediening

1. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug 'n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur 'n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening, is welkom om Tineke te kontak.
Kontakpersoon: Tineke van Rooyen (084 657 1019)

ALGEMENE INLIGTING

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Ds. Daan Bakker - 082 829 8456
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Bank
Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 632-005

Diakonie
ABSA Bank
Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 632-005

Susters (Nuwe rek)
FNB
Tjekrek: 631 043 29130
Takkode: 250 655

SOSIALE MEDIA

WhatsApp: 067 713 2332
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers
Webblad: www.oosdoppers.co.za
Erediens videobank: http://ow.ly/ivfZ309vsdc

Intydse erediensuitsendings op YouTube by: Oos-Doppers Potch